Publication: Beeld
Title: Eindronde van Pronk Podium om die draai
Page: 5
Publish Date: 26 August 2022
Author: Hanri Wondergem

WENNERS TREE OP BY AARDKLOP

Eindronde van Pronk Podium om die draai

Finaliste volgende week in Atterbury

Hanri Wondergem

Jong, hoopvolle akteurs sal volgende week weet of hulle die goue geleentheid gaan kry om by Momentum Beleggings Aardklop op te tree.

Die eindronde van Aardklop se Pronk Podium vind van die Woensdag tot die Saterdag in die Atterbury-teater in Pretoria plaas.

Volgens David Brink, projekleier van Pronk Podium, het 'n allemintige 102 toneelstukke met 870 deelnemers van 27 skole vanjaar vir Pronk Podium (vir tieners en studente) ingeskryf.

Die produksies is op 'n reeks toneelfeeste by skole en aanlyn beoordeel om te bepaal wie dit in die eindronde gaan uitspook.

Gesoute akteurs en teatermakers het as beoordelaars en mentors opgetree, onder wie Alexa Strachan, Brink, Kaz McFadden, Adriana Faling, Mila Guy, Simoné Pretorius en Luan Jacobs. Die beste produksies is gekies om aan die eindronde deel te neem.

Aardklop se feesgangers kan op Sondag 9 Oktober by die Laerskool Louw Geldenhuys in Linden, Johannesburg, hul sitplekke inneem om die Pronk Podium-wenners se talente te aanskou.

Pronk Podium is moontlik gemaak danksy die ondersteuning van onder meer Momentum Beleggings Aardklop, NWU Kunste, NATi Atterbury Teater en die Atterbury Trust.

"Hierdie kinders en jong mense is so deksels dapper," het Strachan, uitvoerende hoof van Aardklop, vroeër oor die deelnemers gesê.

"Ek dink terug aan toe ek ook so was; vreesloos voor 'n klomp mense, vol vertroue in myself en in dit wat ek het om te bied om die wêreld vir ander en myself 'n beter plek te maak. Hou so aan, want julle herlaai ons oues se effe sufmuf batterye."

Leerlinge aan die Hoërskool Hugenote voer *Idees* op. Die produksie is een van die finaliste wat in die komende week aan die eindronde van Aardklop se Pronk Podium gaan deelneem. Foto: MOMENTUM BELEGGINGS AARDKLOP

Wie is wanneer op die planke

■ Pronk Pret (laerskole) se finaliste tree op 2 September op.
Hulle is: Improv Studio's met *Trompie en die Boksombende trek 'n lelike streep*, Bryanston Parallelmedium met *Terapie*, die Laerskool Swartkop met *Kamp Nickerball*, die Laerskool Tygerpoort met *Vertroetel* en die Laerskool Roodekrans met *Fort Beaufort*.
■ Pronk Podium (hoërskole) se finaliste tree op 31 Augustus en 1 September op.
Hulle is: Die Hoërskool Noordheuwel met *Bloedval* (31 Augustus), Helpmekaar Kollege met *VROT* (1 September), die Hoërskool Noordheuwel met *Middernagstad* (31 Augustus), die Hoërskool Hugenote met *Idees* (31 Augustus), die Hoërskool Noordheuwel met *Die verdwyning van Vettie Baker* en die Hoërskool Zwartkop met *Ikarus en die Sonvanger* (albei 1 September).
■ Pronk Digitaal (aanlyn) se finaliste tree op 31 Augustus en 1 September op.
Hulle is: Die Hoërskool Zwartkop met *Oogdruppels is nie gemaak om te drink nie* (31 Augustus), die Hoër Tegniese Skool Witbank met *Skadu's* (31 Augustus), die Hoërskool Noordheuwel met *Skemer aan 'n toutjie* (1 September), die Hoërskool Noordheuwel met *Sjoe-pil* (1 September) en die Hoërskool Noordheuwel met *Raas* (1 September).

■ Kaartjies vir die eindronde van Pronk Podium is beskikbaar by www.atterburytheatre.co.za en www.seatme.co.za teen R110 per persoon. Die opvoerings begin om 16:30.

The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, without prior permission of the original publisher.